# Wapen blaaie reagee

OPENBARE reaksie op die moontlike h wapenverkope aan Suid-Afrika het ge verklaring dat dit al manier is waarop di tiese aanslag afgeweer kan word, tot dat van die eenheid in die Britse Statebond

The Times het eergister in 'n hoofartikel gesê dat die net die veiligheid van die Kaapse roete is wat nog enige waarde aan die Simonstadse-ooreenkoms kan gee. Die toestande het sô verander sedert die opstelling

# *Beeldhouer sterf in Rhodesië*

Kunsredaksie

Die bekende Suid-Afrikaanse beeldhouer, Herman Wald, is gister in Rhodesië oorlede. Hy was daar om 'n opdrag uit te voer.

Hy het in Johannesburg gewoon en was veral aan Johannesburgers bekend vanweë sy Impala-beeldjies in die Oppenheimer-parkie in Joubertstraat en die beeld by Wespark.

In Maart het mnr. Wald ná tien jaar weer 'n uitstalling van sy werke in 'n bekende Johannesburgse hotel gehou. Hy is groot lof deur kunsresensente toegeswaai vir die puik beeldhou- en houtsneëwerke wat hy uitgestal het.

Mnr. Wald het in 1937 uit Hongarye na Suid-Afrika gekom. In 1955 het hy 'n wêreldkompetisie vir beeldhouers met die tema „Die Jode wat gesterf het in Europa onder die Hitler-regering" gewen.